# Lantern

Maart 2020




**Skoolvoedingsprojek**



**Valentynsete**

## Ons vier 30 jaar saam met die Nortjé’s

Op Sondag 3 Maart 1990 is ds Freddie Nortjé in die gemeente Bergsig verwelkom en het hy sy intreepreek gelewer.


Dit was vir ons ‘n voorreg om op Sondag 1 Maart 2020 ds Freddie se 30 jaar bediening in die gemeente te vier! Daar is na afloop van die erediens ‘n heerlike gesellige ete in die kerksaal bedien, waar oud en jonk saamgekuier het.




**Ds Freddie en Rika Nortjé**



**Swierige tafel wat kreun onder die kos!**



**Wickus Schoeman**



**Ina en Willie du Plessis saam met James en Adelaide Joubert. Albei egpare stap die pad van die begin saam met ds Freddie.**

# Skoolvoedings-projek

Dit is met groot dankbaarheid in ons harte dat ons die skoolvoedingsprojek vir nog ‘n jaar k an aanpak.

Groot dank aan Theron’ s Meat en Johan Coetzee van Eezy Veg wat die projek so getrou ondersteun.

Voorts ook diepe dank aan elkeen van die gemeentelede wat bereid is om hul tyd en energie op te offer om elke week te sorg dat die kinders iets vullends en kreatiefs te ete kry!











# Valentynsete by Kobie se plekkie

Soos dit nou al gewoonte geword het, het 'n groep van die afgetrede lidmate van die gemeente die laaste Donderdag van Februarie saam gaan eet by "Kobie se Plekkie". So in die gees van Valentynsdag was hulle hoofsaaklik in ietsie rooi getooi (want 'n Oulap se rooi, maak mooi!).











# Nuusflitse

**Maart 2020**



Nathan Wilke het op 29 Februarie goue medaljes verower vir beide kata en kumite op die SARMAF Gauteng kampioenskappe. Baie geluk Nathan! Ons sal maar ligloop vir jou!



Jordan van der Westhuizen is vereer vir sy uitnemende landloop- en langafstandprestasies. Hieronder tel sy provinsiale deelname en verskeie goue medaljes vir baanitems. Hy is ook aangewys as Fortis Pretoria Noord se seunsatleet wat die beste vordering gedurende 2019 getoon het. Hy het as nommer ses padatleet vir 2019 geëindig. Ons is trots op jou Jordan en hou jou toekoms met afwagting dop!